**SiVEST**
12 Autumn Road, Rivonia, 2128
PO Box 2921, Rivonia, 2128
Gauteng, South Africa

Established 1952

Oorspronklike DOBV verwysings: 14/12/16/3/3/2/1134 - Mooi Plaats
14/12/16/3/3/2/1135 - Wonderheuvel
14/12/16/3/3/2/1136 - Paarde Valley

Ons verwysing: 15324 – Umsobomvu Solar PV
Datum: 18 Junie 2020

Geagte Belangstellende en/of Geaffekteerde Party / Belanghebbende,

**OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGS (OIE'S) VIR DIE BEOOGDE ONTWIKKELING VAN DRIE (3) FOTOVOLTAÏESE (FV) SONKRAGAANLEGTE EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR NABY NOUPOORT EN MIDDELBURG IN DIE NOORD- EN OOS-KAAPPROVINSIES**

- **MOOI PLAATS FV-SONKRAGAANLEG – (DOBV-verw. No.: 14/12/16/3/3/2/1134)**
- **WONDERHEUVEL FV SONKRAGAANLEG – (DOBV-verw. No.: 14/12/16/3/3/2/1135)**
- **PAARDE VALLEY FV SONKRAGAANLEG – (DOBV-verw. No.: 14/12/16/3/3/2/1136)**

- **KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGINGS (OMS) WAT DEUR DEPARTEMENT VAN OMGEWING, BOSBOU EN VISSERYE (DOBV) UITGEREIK IS**

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u in kennis te stel dat die Finale Omgewingsimpak-evalueringverslae (FOIEV) vir die bogenoemde beoogde projekte op **13 Februarie 2020** deur die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) ontvang is vir oorweging en besluitneming.

Nadat die DOBV die dokumentasie nagegaan het, is die Omgewingsmagtigings (OMs) uitgereik ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (WNOB) en die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings (OIE-regulasies) 2014 (soos gewysig), vir die drie (3) bogenoemde beoogde projekte onderskeidelik.

Die OMs is op **08 Junie 2020** gedateer, maar is egter eers op **15 Junie 2020** deur die DOBV uitgereik. Die redes vir die besluite word gestipuleer in bylaag '*Annexure 1: Reasons for Decision*' van die onderskeie OMs, wat by hierdie brief aangeheg is.

U word versoek om u aandag te vestig op Hoofstuk 2 van die WNOB Nasionale Appél Regulasies, gepubliseer in Goewerment kennisgewing R993 in die Staatskoerant No 38303 gedateer 8 Desember 2014 (Nasionale Appél Regulasies, 2014), wat die appél prosedure voorskryf wat gevolg moet word. As enigiemand 'n appèl teen hierdie besluite wil indien, moet hy/sy 'n appèl indien by die administrateur van appèlle en 'n afskrif van die appèl stuur aan die houer van die OM, enige geregistreerde belangstellende en geaffekteerde party en enige staatsinstansie met 'n belang in die aangeleentheid, binne twintig (20) dae vanaf die datum waarop die applikant die kennisgewing van die besluite aan die geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur het (m.a.w. binne 20 dae vanaf 18 Junie 2020).

**Appèlle moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm ingedien word by:**

Direkteur: Appèlle en Regsoorsig van die DOBV by die onderstaande adresse:

Per e-pos: appeals@environment.gov.za

Per hand: Environment House
473 Steve Biko Straat
Arcadia
Pretoria
0083; of

Per Pos: Privaatsak X447
Pretoria
0001

Neem asseblief kennis dat appèlle nie net aan SiVEST of die houer van die OMs gestuur moet word nie.

Vir meer besonderhede, tree asseblief in verbinding met SiVEST by:

**SiVEST Environmental**: Stephan Jacobs of Hlengiwe Ntuli
Tel: (011) 798 0600
Faks: (011) 803 7272
E-pos: sivest_ppp@sivest.co.za / stephanj@sivest.co.za / hlengiwen@sivest.co.za

Raadpleeg asseblief die Nasionale Appèlregulasies (2014), hierby aangeheg, vir besonderhede met betrekking tot die appèlproses.

Om die voorgeskrewe appèlvorm te bekom en vir leiding oor die indiening van appèlle, besoek asseblief die DOBV se webwerf by: *https://www.environment.gov.za/documents/forms#legal_authorisations* of versoek 'n afskrif van die dokumente by: appeals@environment.gov.za.

Ons wil u ook graag bedank vir u deelname aan die OIE en openbare deelnameprosesse vir die bogenoemde beoogde projekte.

Die uwe

Stephan Jacobs
Omgewingskonsultant
**SiVEST Omgewingsafdeling**

Ingeslote dokumentasie: Nasionale Appèlregulasies, 2014
3 X Omgewingsmagtigings (OMs): DOBV Verwysingsnommers: 14/12/16/3/3/2/1134
14/12/16/3/3/2/1135
14/12/16/3/3/2/1136